

**7 April**

**Die duiwel is hard aan die werk!**

**Skrifgedeelte: Matteus 4:1-11**

Moenie dink die duiwel is maar 'n historiese figuur in die Bybel soos 'n Jona of 'n Alexander, of by Jesus in die woestyn nie. Hy is lewendig, hard aan die werk. Goed geoefen vanaf die paradys tot in 2008. Huwelike spat uiteen omdat 'n man of vrou deur een of ander lewenskrisis gaan waar bid en pleit en vermaan geen duik maak nie. Gewoonlik met die verontskuldiging "Ek hoor wat julle sê, my verhouding met die Here is reg", en baie tekste kan aangehaal word – omdat die duiwel, wat die Bybel goed ken, besit neem van so 'n mens. Jongmens-opstandigheid teen ouers en kerk is nie maar net 'n fase nie, maar 'n impak van die duiwel. Daar word te maklik gemeen die duiwel is vas binne die buiteblaaie van die Bybel. As die duiwel die Bybel (Ps 91) misbruik vir sy saak, sê Jesus: "Jy mag die Here jou God nie versoek nie." Daarna het die engele gekom en Hom gedien.

Ons moet nie te weinig dink van die diens van die engele nie, en ons moet nie te weinig dink van die leiding van die Here nie. Hy mag dalk nie nou jou gebed verhoor en jou omstandighede verander soos jy dit vra nie, maar later, as jy terugkyk, is jy verstom oor hoe sy engele met vlamme swaarde jou bewaar het, en hoe Hy jou versigtig deur alles heengelei het.

*Sing: Psalm 91:6*

*Dr. Kobus van Tonder (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*